



GAUTENG POSDUIF UNIE

22 APRIL 2014

INDEKS

1. INLEIDENDE GEDEELTE
2. NAAM
3. HERROEPING
4. REGSPERSOONLIKHEID
5. DOELSTELLINGS
6. TOEPASSING EN WYSIGING VAN GRONDWET
7. ORGANISASIE
8. SAMESTELLING VAN DIE UNIEBESTUURSKOMITEE
9. VERKIESING VAN VOORSITTER, ONDERVOORSITTER EN BEAMPTES
10. ALGEMENE JAARVERGADERING
11. VERGADERINGS
12. DIE BESTUURSKOMITEE MET DIE BEVOEGDHEID OM
13. UITVOERENDEKOMITEE
14. APPÈL
15. AFDELINGS
16. GRENSE
17. AFDELINGSBESTUURSKOMITEE
18. VERKIESING VAN VOORSITTER, ONDERVOORSITTER EN
VERTEENWOORDIGERS OP DIE UNIEBESTUURSKOMITEE
19. VERGADERINGS
20. MAGTE VAN DIE AFDELINGSBESTUURSKOMITEE
21. GEAFFILIEERDE LIGGAME
22. GRENSE
23. ALGEMENE JAARVERGADERING
24. KLUB-BESTUURSKOMITEE
25. VERKIESING EN DIENSTERMYN
26. MAGTE
27. ERE LIDMAATSKAP
28. AANSOEK OM LIDMAATSKAP
29. ALGEMEEN
30. LEDEGELD
31. VERSUIM OM LEDEGELDE TE BETAAL
32. JEUGLEDE
33. VENNOOTSKAPPE
34. DISSIPLINÊRE KODE
35. OORTREDINGS
36. ONREËLMATIGE GEDRAG
37. ALKOHOL OF DWELMS
38. ONEERLIKHEID
39. DISSIPLINÊRE PROSEDURE
40. DIE DOEL VAN DIE VERHOOR
41. DIE VERHOOR
42. APPÈL TEEN BESLUIT VAN DIE GEAFFILIEERDE KLUBS EN/OF DIE
DISSIPLINÊRE KOMITEE
43. LEDE WAT VERBIED IS OM AMPTE TE BEKLEE
44. FINANSIËL
45. METAALRINGE
46. FINANSIËLE REËLS
47. INTERPRETASIE VAN KONSTITUSIE, BY-WETTE, REËLS EN REGULASIES

48. ONTBINDING
49. ALLERLEI
50. BESLEGTING VAN GESKILLE
51. PRYSGELDE EN NOMINASIES
52. GELDIGHEID VAN VORIGE BEPALINGS, BY-WETTE , REËLS EN REGULASIES
53. TUSSENTYDSE UNIEBESTUURSKOMITEE
54. DIVERSE BEPLAINGS
55. INKORWING
56. KONTROLE VAN RUBBER EN ELEKTRONIESE RINGE
57. WEDVLUGINSKRYWINGSVORMS
58. VERSEËL VAN MANDJIES
59. KONTROLERING VAN WENDUIF
60. NAGURE
61. HOKMATES (AFSTANDE)
62. VERVOER REËLINGS
63. ONTSNAPPING VAN WEDVLUGDUIWE
64. LOSLATING VAN DUIWE
65. ALGEMEEN
66. REËLS VIR VERSORGING EN LOSLATING VAN WEDVLUGDUIWE
67. VERSORGING
68. LOSLATINGS
69. BESERINGS
70. KLOK REËLS VIR MEGANIESE KLOKKE
71. VERBODE MIDDELS, DWELMS, MEDIKASIE EN STIMULANTE
72. ALGEMEEN

GAUTENG POSDUIF UNIE GRONDWET (GPU)

1. INLEIDENDE GEDEELTE

AANGESIEN die Gauteng Posduif Unie (hierna verwys as die **GPU**), van voornemens is om die bestaande Grondwet te herroep, te vervang en te wysig, met 'n nuwe Grondwet, word die terme en voorwaardes hierin vermeld verhef en verklaar tot die Unie Grondwet.

2. NAAM

Die naam van die Unie is die Gauteng Posduif Unie (**GPU**).

3. HERROEPING

Die bestaande Grondwet van die **Unie** word hiermee herroep en die volgende Grondwet word in die plek daarvan gestel en word van krag, op die datum waarop die Bestuurskomitee die inwerkingtreding hiervan bepaal.

4. REGSPERSOONLIKHEID

Die **Unie** is 'n regspersoon met handelingsbevoegdheid om regsdinge in te stel en of te verdedig, in enige bevoegde hof, tribunaal of forum.

5. DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die **Unie** is:

- 5.1 Om wedvlugte te bevorder en aan te moedig, en om in die algemeen die daarmee gepaardgaande belange aan te help en te beskerm.
- 5.2 Om wedvlugte te beheer, en reëls en regulasies op te stel om wedvlugte aan die Witwatersrand en omliggende gebiede te beheer, te reël en te kontroleer.

- 5.3 Om reëls en regulasies op te stel en sodoende wedvlugte in Gauteng te reguleer en te kontroleer.
- 5.4 Indien dit wel nodig raak om die regering, die provinsiale of die plaaslike administratiewe liggame te nader met hulle te kontroleer en om te onderhandel in verband met sake wat wedvlugte direk of indirek raak.
- 5.5 Om die teling van wedvlugduiweien die algemeen aan te moedig en te bevorder.
- 5.6 Om roerende en/of onroerende eiendom vir die **GPU** te koop, te bekom of te huur.
- 5.7 Om roerende en/of onroerende eiendom van die **GPU** te verkoop, te vervreem of te verhuur.
- 5.8 Om enige fondse van die **GPU** uit te leen, te belê, te skenk of te spandeer, onderworpe aan sodanige bepalings en voorwaardes en vir sulke doeleindes as wat van tyd tot tyd nodig geag mag word om die belange en doelstellings van die **GPU** te bevorder.
- 5.9 Om die **GPU** te affilieer of in te skakel by enige ander liggaam, instansie of raad indien dit nodig geag word.

6. TOEPASSING EN WYSIGING VAN GRONDWET

- 6.1 Hierdie Grondwet is van toepassing op alle lede onderworpe aan die Gauteng Posduif Unie vanaf datum waarop 'n persoon as lid verklaar word en dit is die plig van elke lid om hom behoorlik te vereenselwig met die inhoud van hierdie Grondwet.
- 6.2 Geen wysiging, opskorting, veranderinge of byvoeging sal aan hierdie Grondwet gemaak word sonder:
 - 6.1.1 Die goedkeuring van 75% van al die lede van die **GPU** se bestuurskomitee nie.

- 6.1.2 Tenminste een maand skriftelike kennisgewing aan die sekretaris gegee is, waarin vermeld word die presiese bepalings van enige voorgestelde wysiging, opskorting, verandering of byvoeging tot die Grondwet.
- 6.1.3 Ten minste 14 dae skriftelike kennisgewing aan alle lede van die **GPU** se bestuurskomitee gegee is, waarin vermeld word die presiese bepalings van enige voorgestelde wysiging, opskorting, veranderinge of byvoeging tot die Grondwet.
- 6.1.4 Die Unie Grondwet sal nie vir enige geringe wysigings hersien word nie, maar voorsitters van geaffilieerde klubs sal by wyse van die notule van die Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Jaarvergaderings van lede sodanige wysigings in kennis gestel word. Van die voorsitters sal verwag word om hul lede daarvan in kennis te stel. Dit sal elke lid se verantwoordelikheid wees om sy afskrif van die dienooreenkomstige Grondwet te wysig, met die datum van sodanige wysiging.
- 6.1.5 Die Unie-Sekretaris sal 'n afskrif van die Grondwet op datum hou en beskikbaar stel op die webtuiste van die **GPU**.
- 6.3 Nuwe lede wat by die klubs aansluit moet 'n afskrif van die Grondwet by hul klubs bekom en hulle behoorlik vergewis met die inhoud daarvan.
- 6.4 Wanneer 'n nuwe klub by die **GPU**geaffilieer word sal die Unie-Sekretaris op daardie datum 'n afskrif van die Grondwet, aan die Voorsitter van die nuwe klub voorsien. Dit sal van die Voorsitter verwag word om alle lede van die klub van 'n afskrif daarvan te voorsien.

7. **ORGANISASIE**

Die Unie word op die volgende basis georganiseer :

- 7.1 Die **GPU** word bestuur deur die Uniebestuurskomitee.
- 7.2 Die Uniekomitee sal bestaan uit die Voorsitter (of genomineerde verteenwoordiger) van elke klub wat by die Unie geaffilieer is tesame met die lede van die Bestuurskomitee van die Unie, wat deur die Afdelings genomineer en benoem is ingevolge die voorskrifte vervat in artikel 8 hieronder.
- 7.3 Afdelings, soos bepaal onder die opskrif "Afdelings".
- 7.4 Afdelingsbestuurskomitee, soos bepaal onder die opskrif "Afdelingsbestuurskomitee"
- 7.5 Geaffilieerde klubs of verenigings, soos bepaal onder die opskrif "Geaffilieerde liggame".
- 7.8 Klubbestuurskomitees, soos bepaal onder die opskrif "klubbestuurskomitees"
- 7.9 Lede, soos bepaal onder die opskrif "Lidmaatskap".

8. **SAMESTELLING VAN DIE UNIEBESTUURSKOMITEE**

Die Uniebestuurskomitee bestaan uit die Voorsitter (of genomineerde verteenwoordiger) uit elke afdeling. Die verteenwoordiger word jaarliks op die eerste vergadering van elke Afdelingsbestuurskomitee gekies en op dieselfde vergadering word 'n sekondus ookgekies as 'n lid van die Uniebestuurskomitee in die afwesigheid van enige lid van die Uniebestuurskomitee uit daardie betrokke afdeling. Die Unie Sekretaris sal die Uniebestuurskomitee vergaderings bywoon om sy pligte uit te voer.

9. **VERKIESING VAN VOORSITTER, ONDERVOORSITTER EN BEAMPTES**

- 9.1 Die Uniebestuurskomitee sal met sy Algemene Jaarvergadering 'n Unie Voorsitter en Ondervoorsitter verkies uit lede benoem tot die Uniebestuurskomitee. Die Voorsitter, en in sy afwesigheid die

ondervoorsitter, tree op as voorsittende beampte by alle vergaderings van die Unie komitee en Uniebestuurskomitee.

9.2 **DIE VOORSITTER**

Is verantwoordelik vir alle aktiwiteite van die Unie, volgens die voorskrifte gestel in die Grondwet. Die Voorsitter kan opdragte delegeer wat ook deur hom beheer sal word en sal te alle tye so optree dat dit die belange van die Unie bevorder.

9.3 **DIE ONDERVOORSITTER**

Moet die Voorsitter van raad en advies bedien, homself op hoogte hou van alle aktiwiteite in die Unie, sodat hy kan funksioneer as Voorsitter indien hy daartoe versoek word of indien die Voorsitter afwesig is.

9.4 Die Uniekomitee sal met sy eerste vergadering elke jaar 'n Ringbeampte, Sekretaris, Wedvlugsekretaris, Vervoerbestuur, en sodanige ander beamptes wat die Unie mag nodig ag aanstel teen sodanige vergoeding en op sodanige voorwaardes as wat hulle mag goed ag, welke die volgende beamptes sal heet:

9.5 **Sekretaris**

Is verantwoordelik vir die uitstuur van kennisgewings van vergaderings, neem van notules, alle korrespondensie en alle pligte soos deur die komitee aan hom opgelê.

9.6 **Tesourier**

Is verantwoordelik vir die behoorlike boekhouding van die GPU se geldsake, invordering van Uniegelde, uitbetaling van prysgelde en vereffening van rekeninge.

9.7 **Wedvlugsekretaris**

Is verantwoordelik vir die berekening van distansies, kontrole by gesamentlike inkorwings, ontvangs van uitslae van klubs volgens die skedule soos deur die Bestuurskomitee opgestel en om wedvluguitslae aan klubs te voorsien.

9.8 Ringbeampte

Is verantwoordelik om behoorlike kontrole te hou oor die Unievoorrade, verkope te boekstaaf, gelde oor te betaal aan die Tesourier en om verdwaalde duiwe aan eienaars te rapporteer en om jaarliks die Unie voorrade te bestel.

9.9 Vervoersbestuur

Is verantwoordelik vir die Unie vragmotor en sal altyd toesien dat die vragmotor skoon en in 'n goeie toestand is, mandjies op en afgelaai word by die verskillende klubs en toesien dat daar voldoende mielies op die vragmotor istydens inkorwing en om die loslating van die duiwe te beheer. Dit is ook die vervoerbestuur se verantwoordelikheid om die wedvlugsekretaris in kennis te stel van enige groot afwykings van loslatingskedules of indien daar probleme is met die vragmotor.

10. ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Algemene Jaarvergadering van die Uniekomitee sal gehou word in Maart

elke jaar op sodanige datum, plek en tyd deur die Voorsitter benoem. Die

Voorsitter mag die vergadering slegs na 'n volgende maand aanskuif indien die

finansiële state nie gereed is in Maart nie.(14 Mei 2019)

10.1 Die Uniebestuurskomitee sal vir die laaste keer voor die einde van Februarie elke jaar byeenkom en mag die Uniekomitee in die tussentyd byeengeroep word vir die beslissing van spesifieke netelige sake, verwys deur die Uniebestuurskomitee of vir die oorweging van aangeleenthede waarvoor nie 'n duidelike meerderheid by 'n Uniebestuursvergadering verkry kon word nie.

10.2 Behalwe vir die oorweging van sake na die Uniebestuurskomitee verwys soos voorsien in die voorafgaande subartikel en vir die verkiesing van die hoogste ampsdraers van die Unie soos bepaal in artikel 9 hiervan, sal die Uniebestuurskomitee ook tydens die Algemene Jaarvergadering die balansstaat en ouditeursverslag of

Finansiële state van die Unie bespreek, en sal by die laaste vergadering jaarliks die Wedvlugroete en Wedvlugprogram vir die daaropvolgende vliegseisoen gefinaliseer word uit geskrewe of mondelinge voorstelle wat aan die Uniebestuurskomitee gemaak is.

11. **VERGADERINGS**

- 11.1 Die eerste vergadering van die Uniekomitee sal jaarliks gehou word gedurende die week wat volg op die tweede Maandag in Maart by die plek en op die tyd deur die Voorsitter benoem.
- 11.2 Die Uniekomitee vergader ten minste eenkeer elke twee maande.
- 11.3 Die kworum op enige vergadering van die Uniekomitee en die Uniebestuurskomitee sal 75% van die lede van sodanige komitee wees.
- 11.4 Alle besluite of voorstelle by vergaderings van die Uniekomitee sal met 'n blote meerderheid van stemme slaag deur lede teenwoordig. Elke verteenwoordiger sal een stem hê.
- 11.5 Die Voorsitter sal geen stem hê nie en tree nie op as verteenwoordiger van die klub of afdeling wat hom as komitee lid benoem het nie.
- 11.6 By die afwesigheid van beide die Voorsitter en die Ondervoorsitter, kies die oorblywende lede van die Uniekomitee uit hulle getal 'n lid om as Voorsitter op enige vergadering van genoemde komitee voor te sit en sal sodanige lid wat as Voorsitter funksioneer geen stem hê nie soos in paragraaf 11,5 hierbo uiteengesit.
- 11.7 Ten minste drie dae kennis moet gegee word van enige Uniebestuurskomitee vergadering.
- 11.8 Indien die Unie van 'n onafhanklike kontrakteur gebruik maak om duiwe te vervoer sal kontrakteur se verteenwoordiger uitgenooi word om alle vergaderings van die Uniekomitee by te woon, ten einde verslag te doen en advies te gee aangaande die vervoer.

- 11.9 Indien enige lid of lede van die Uniebestuurskomitee nie in staat is, of weier om 'n vergadering van die genoemde komitee by te woon, of indien enige Afdelingsbestuurskomitee in gebreke bly om verteenwoordigers te verkies en op die Uniebestuurskomitee te dien, vervang die oorblywende lede van die komitee nieteenstaande die bepaling van artikel 12.3 lede op die komitee maar geen afdeling mag meer as een verteenwoordiger op die komitee hê nie.

12. **DIE BESTUURSKOMITEE HET DIE BEVOEGDHEID OM:**

- 12.1 Beamptes van die Unie te vervang in tydelike of permanente vakatures wat in die komitee ontstaan as gevolg van die afwesigheid, siekte, bedanking of andersins van enige van die beamptes.
- 12.2 Die prosedure vir vergaderings van die komitee voor te skryf, met dien verstande dat die kworum vir enige vergadering 75% van die lede van die Bestuurskomitee sal wees en dat enige saak deur 'n meerderheid van stemme beslis sal word.
- 12.3 Grense vir die doeleindes van Unie-wedvlugte vas te stel en aan die Algemene Jaarvergadering voor te lê vir bevestiging.
- 12.4 Reëls en Regulasies wat nie strydig is met die bepaling van hierdie Grondwet nie, te maak, te wysig of te herroep en die geaffilieerde mededingende klubs skriftelik daarvan te verwittig.
- 12.5 Enige magte wat kragtens Reël 13 aan die Bestuurskomitee gegee is, te delegeer aan 'n Dagbestuur wat saamgestel is uit die Voorsitter, Vise - Voorsitter, Sekretaris, Tesourier, Wedvlugsektaris en twee (2) verkose lede van die Uniekomitee. Daar moet by die volgende vergadering aan die Uniekomitee verslag gedoen word oor enige handeling wat die Dagbestuur uitgevoer het kragtens magte wat aldus gedelegeer is.
- 12.6 Die beslissing van enige geaffilieerde klub of van sy ampsdraers of van die Dagbestuur of die Dissiplinêre Ondersoekkomitee oor enige saak wat die Unie raak, te hersien, bekragtig, wysig of tersyde te stel, en in

enige aangeleentheid of saak wat voor die komitee gebring word byvoorbeeld 'n appèl, hersiening of andersins. Die Bestuurskomitee is ook by magte om so 'n aangeleentheid of saak terug te verwys na die betrokke liggaam sodat dit heropen of herverhoor kan word.

- 12.7 Van jaar tot jaar Ouditeure aan te stel en aan die Algemene Jaarvergadering voor te lê vir goedkeuring.
- 12.8 Van tyd tot tyd enige toetreegeld in te stel, te wysig of terug te betaal. Om uit die fondse tot die beskikking van die Unie bedrae te bewillig as honorarium of bonus aan die ampsdraers of as skenkings of bydras aan enige Liefdadigheidsorganisasie.
- 12.9 Enige persoon as werknemer of beampte van die Unie in diens te neem en om aan sodanige persoon 'n vergoeding te betaal en om sy dienste na goeddunke op te skort of hom af te dank met inagneming van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes soos gewysig.
- 12.10 Om enige roerende of vaste eiendom, insluitende aandele, te koop en te verkoop te huur of verhuur, te wissel, oor te plaas of te ontvang en om enige fondse van die **GPU** te belê na goeddunke.
- 12.11 By wyse van resoluë die Voorsitter of die Ondervoorsitter of die Sekretaris of die Tesourier te magtig om namens die Unie alle volmagte, kontrakte of ander aktes of dokumente wat onderteken moet word, te onderteken en om tjeks en ander verhandelbare dokumente in verband met die Unie se sake te trek, te aanvaar, te endosseer, uit te maak en te verly.
- 12.12 Geld teen die sekuriteit van vaste eiendom of ander bates van die Unie te leen en om verbande daarop te registreer of om sodanige ander sekuriteit te verskaf teen sodanige terme as wat die komitee mag goed dink.
- 12.13 In die algemeen met die eiendom en fondse van die Unie te handel vir die doelstellings van die Unie.

- 12.14 Te versoek dat Spesiale Algemene Vergaderings belê word.
- 12.15 Te handel en op te tree in enige geval waar daar nie in hierdie Grondwet voorsiening voorgemaak is nie mits so 'n optrede nie teenstrydig met die doelstellings van die Unie is nie.
- 12.16 Te vergader op sodanige plekke ten tye as wat hy goed dink soos wanneer nodig geag.
- 12.17 In die algemeen die sake van die Unie te administreer en te bestuur en om Klubs te besoek wanneer inkorwing plaasvind of kloklesings geneem word ten einde seker te maak dat die bepalings van hierdie Grondwet en verordeninge nagekom word met dien verstande dat hierdie bevoegdheid gedelegeer mag word aan die enige lede van die Bestuurskomitee.
- 12.18 Ledegelde en vervoergelde jaarliks aan te pas of spesiale heffings in te stel en in te vorder indien uitgawes oorskry of waar brandstofpryse buitengewoon verhoog sonder om eers 'n spesiale Algemene Vergadering te belê.
- 12.19 Om wedersydse vriendkapsvoorwaardes met ander Posduiforganisasie aan te gaan en om by SANPO geaffilieer te wees.
- 12.20 Om enige vergadering van enige Afdelingsbestuurskomitee of geaffilieerde liggaam of komitee daarvan, by te woon.
- 12.21 Enige besluit wat geneem word wat enige kontraktuele of finansiële verpligtinge vir die Unie mag meebring moet vooraf in 'n Bestuurskomitee notule opgeneem wees alvorens daarvolgens gehandel mag word.

13. UITVOERENDEKOMITEE

- 13.1 Die Uitvoerende komitee bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter en een ander Uniekomiteelid wat deur die Uniebestuurskomitee verkies word, aldie van wie 'n kworum vorm. By die onttrekking of nie-

besikbaarheid van enige van die voornoemde drie lede het die Uniebestuurskomitee die mag om sodanige lid vanuit hulle geledere te vervang.

13.2 Die Uitvoerendekomitee het die mag om aanklagtes teen 'n lid op te stel, te ondersoek en oor te besluit, en om enige Afdeling, Geaffilieerde liggaam of lid tereg te wys, te beboet, te skors of uit te sit na skuldigbevinding van :-

13.2.1 Moedswillige verbreking van die bepalinge van hierdie Grondwet of enige by-wette, reëls of regulasies daarkragtens gemaak; of

13.2.2 Gedrag wat afbreuk doen aan die belange of goeie naam van die Unie; of

13.2.3 Optrede wat die dissiplinêre kode verbreek.

13.2.4 Versuim om 'n boete te betaal binne een maand na die oplegging van 'n boete deur die uitvoerendekomitee.

13.3 Die Uitvoerendekomitee is by magte om enige handeling uit te voer soos deur die Uniebestuurskomitee aan hulle oorgedra.

14. APPÈL

Appèl kan aangeteken word by die Uniebestuurskomitee teen enige beslissing of bevel, deur die Uitvoerende komitee gemaak, op voorwaarde dat skriftelike kennisgewing van appèl die Sekretaris van die Uniebestuurskomitee binne 14 dae vanaf die datum van die beslissing of bevel waarteen geappelleer word, bereik.

15. AFDELINGS

AANTAL AFDELINGS

15.1 Die Unie bestaan uit die volgende afdelings :-

15.1.1 VERRE - OOSRANDSE AFDELING ;

15.1.2 OOSRANDSE AFDELING ;

15.1.3 MIDRANDSE AFDELING

15.1.4 Afdelings wat van tyd tot tyd deur die Uniebestuurskomitee goedgekeur is.

16. **GRENSE**

Die grense van die afdelings is soos van tyd tot tyd deur die Uniebestuurskomitee vasgestel.

17. **AFDELINGSBESTUURSKOMITEE**

SAMESTELLING

17.1 Elke Afdelingsbestuurskomitee bestaan uit een verteenwoordiger uit elke geaffilieerde liggaam binne die grense van die Afdeling, wat jaarliks op die Algemene Jaarvergadering van elke Geaffilieerde liggaam wat vanuit die Afdelingsbestuurskomitee gekies word. In die afwesigheid van die verkose lid wat sodanige geaffilieerde liggaam verteenwoordig, is die Afdelingsbestuurskomitee by magte om sodanige lid te vervang uit die ander lede van dieselfde geaffilieerde liggaam.

17.2 Elke Afdelingsbestuurskomitee bestaan uit ten minste vyf lede en alle geaffilieerde liggame binne die grense van die afdeling is gelyk verteenwoordig op die Afdelingsbestuurskomitee van sodanige afdeling.

17.3 Indien die getalle geaffilieerde liggame binne die grense van 'n Afdeling minder as 5 is, kom die verteenwoordigers wat verkies is deur die geaffilieerde liggame om op die Afdelingsbestuurskomitee te dien gedurende die week wat volg op die eerste Maandag in Februarie, byeen, op so 'n plek en tyd as wat deur die Afdelingsekretaris, met die doel om genoegsame verteenwoordigers op die Afdelingsbestuurskomitee te vervang om sodoende te voldoen aan die bepaling van artikel 17.2. Die Afdelingsekretaris of die Unie Sekretaris soos die geval mag wees, tree as voorsitter op by so 'n vergadering. Die verteenwoordigers op so 'n vergadering vorm 'n kworum en enige besluit met 'n meerderheid van stemme, is geldig. By sodanige vergadering

word geen ander sake behalwe die vervanging van verteenwoordigers, bespreek, oorweeg of oor besluit nie.

17.4 Alle lede, of plaasvervangers ingevolge artikel 17.3, behou sitting totdat daar 5 geaffilieerde liggame binne die grense van die afdeling is, of totdat die volgende verkiesing van verteenwoordigers vir die Afdelingsbestuurskomitee deur die geaffilieerde liggame plaasvind, watter gebeurtenis ookal eerste plaasvind.

18. **VERKIESING VAN VOORSITTER, ONDERVOORSITTER EN VERTEENWOORDIGERS OP DIE UNIEBESTUURSKOMITEE**

18.1 Elke Afdelingsbestuurskomitee kies jaarliks op sy eerste vergadering die volgende ampsdraers:-

18.1.1 Vanuit sy lede 'n Voorsitter en Ondervoorsitter;

18.1.2 Vanuit sy lede drie verteenwoordigers op die Uniekomitee en een sekundus, wat gedurende die afwesigheid of nie-beskikbaarheid van enige van die verteenwoordigers van sodanige afdeling, sitting op die Uniekomitee het.

18.2 Elke Afdelingsekretaris stel jaarliks op of voor die vierde Maandag in Februarie, die Unie Sekretaris in kennis van die name, adresse en telefoonnommers van die Voorsitter, Ondervoorsitter van die afdeling en van die lede verkies as verteenwoordigers en sekundus van die afdeling op die Uniebestuurskomitee.

19. **VERGADERINGS**

19.1 Die eerste vergadering van elke Afdelingsbestuurskomitee word jaarliks die week wat volg op die 2de Maandag in Februarie op so 'n plek en tyd as wat bepaal mag word deur die afdelingsekretaris, of in geval hy gebreke bly om dit te doen, deur die Unie Sekretaris, gehou.

19.2 Elke Afdelingbestuurskomitee vergader minstens eenkeer elke drie maande.

19.3 Die kworum op enige vergadering van 'n Afdelingsbestuurskomitee is 75% van die lede, op die vergadering teenwoordig.

19.4 Indien by enige vergadering die Voorsitter en Ondervoorsitter albei afwesig is, kies die oorblywende lede van die Afdelingsbestuurskomitee uit hul getal, 'n lid om as voorsitter op te tree.

19.5 Ten minste drie dae kennisgewing word gegee van enige Afdelingsbestuurskomitee vergadering.

19.6 Indien enige lid of lede van 'n Afdelingsbestuurskomitee nie in staat is, of onwillig is, om 'n vergadering van gemelde komitee by te woon, en indien enige geaffilieerde liggaam in gebreke bly om 'n verteenwoordiger te kies om op die Afdelingsbestuurskomitee te dien, het die oorblywende lede, nieteenstaande die bepalings van klousule 20.3 die mag om lede op die komitee te vervang, met dien verstande dat geen geaffilieerde liggaam meer verteenwoordigers op die komitee sal hê as wat hy volgens klousule 18, op geregtig is. Sodanige plaasvervanger behou sitting op die komitee totdat die afwesige lid of lede terugkeer, of tot tyd en wyl die nie-verteenwoordigde geaffilieerde liggaam 'n verteenwoordiger verkies het om die Afdelingsbestuurskomitee te dien, welke gebeurtenis ookal eerste plaasvind.

19.7 Die plek en tyd van vergaderings en die prosedure wat gevolg word op die vergaderings van die Afdelingsbestuurskomitee word deur sodanige komitee voorgeskryf.

20. **MAGTE VAN DIE AFDELINGBESTUURSKOMITEE**

20.1 Elke Afdelingbestuurskomitee hanteer sake in sy afdeling, asook die sake van allegeaffilieerde liggame binne die grense van die bepaalde afdeling, onderhewig aan die bepalings van hierdie Grondwet, en sal met die volgende spesiale magte beklee wees :-

20.1.1 Om die grense van alle geaffilieerde liggame vas te stel.

20.1.2 Om die afdeling en seksie te bepaal.

- 20.1.3 Om die besluite van enige geaffilieerde liggaam of komitee daarvan, te hersien, te bekragtig, te wysig of ter syde te stel.
- 20.1.4 Om die prysgelde en pryse waarvoor meegeding word binne die afdeling, of enige seksies binne die afdeling, vas te stel en om die metode waarvolgens sulke prysgelde en pryse verdeel word vas te stel.
- 20.1.5 Om die aantal wedvlug-mandjies wat aan elke geaffilieerde liggaam toegeken word, vas te stel.
- 20.1.6 Om geaffilieerde liggame te besoek wanneer ingekorf word of klokke gelees word om te verseker dat die bepalings van die Grondwet, by wette, reëls en regulasies nagekom word.
- 20.1.7 Om enige vergadering van 'n geaffilieerde liggaam of komitee daarvan, by te woon.
- 20.1.8 Om aanklagte teen enige geaffilieerde liggaam of lid by te woon.
- 20.1.9 Om aanklagte teen enige geaffilieerde liggaam of lid op te stel, te ondersoek en oor te besluit, en om enige geaffilieerde liggaam of lid tereg te wys of te skors , te beboet of uit te stel na skuldigbevinding van -
- 20.1.9.1 Moedswillige verbreking van die bepalings van hierdie Grondwet of enige by-wette, reëls of regulasies daarkragtens gemaak; of
- 20.1.9.2 Gedrag wat afbreuk doen aan die belange of goeie naam van die Unie; of
- 20.1.9.3 Optrede wat die dissiplinêre kode verbreek.
- 20.1.9.4 Versuim om 'n boete te betaal binne een maand na die oplegging van 'n boete deur die uitvoerendekomitee.

21. **GEAFFILIEERDE LIGGAME**

AFFILIASIE

- 21.1 Enige wedvlugduiforganisasie met 'n ledetal van nie minder nie as tien (10) mag by die Unie affilieer mits sodanige organisasie binne die verklaarde grense van die Unie val.
- 21.2 Aansoek vir affiliasie geskied op sodanige wyse as wat van tyd tot tyd deur die Uniebestuurskomitee vasgestel word. Die Uniebestuurskomitee mag enige sodanige aansoek toestaan of afkeur binne hulle uitsluitlike diskresie, en ingeval van afkeuring, mag geen heraansoekgedoen word binne ses maande vanaf datum van afkeuring nie. Geen redes vir die afkeuring hoef deur die Uniebestuurskomitee gegee word nie.
- 21.3 Enige klub of vereniging wie se ledetal met die aanvang van die vliegseisoen minder as tien (10) lede is, sal by die Uniebestuurskomitee vir verlenging van hul affiliasie aansoek moet doen. Die Uniebestuurskomitee mag na goeddunke oor die aansoek beslis maar is absoluut binne hul diskresie.
- 21.4 Elke wedvlugduiforganisasie aan wie affiliasie deur die Uniebestuurskomitee toegestaan is, is vanaf die datum van affiliasie, onderhewig aan hierdie Grondwet.
- 21.5 Geen klub sal as lid toegelaat word uit 'n distrik waar daar alreeds 'n geaffilieerde klub van die Unie is nie, behalwe met die toestemming van die bestaande klub, met die verdere voorbehoud dat indien 'n aansoek sonder grondige en aanvaarbare redes deur bestaande klub teengestaan word, die aangeleentheid deur die Bestuurskomitee besleg sal word en die Uniebestuurskomitee die finale beslissing kan maak.
- 21.6 Indien enige klub begerig is om klubgrense vas te lê, mag sulke grense geen bestaande deelnemende lid se lidmaatskap affekteer nie. Bestaande lede buite die nuwe vasgestelde grense wat vir welke rede ookal hul lidmaatskap van die betrokke klub verloor het, hetsy deur bedanking, skorsing of ander rede sal hierdie beskerming verloor.

22. **GRENSE**

Die grense van elke geaffilieerde liggaam is soos van tyd tot tyd deur die Afdelingsbestuurskomitee vasgestel.

23. **ALGEMENE JAARVERGADERING**

23.1 Elke geaffilieerde liggaam hou gedurende Januarie van elke jaar, 'n Algemene Jaarvergadering op sodanige plek en tyd soos deur die Klubbestuurskomitee van sodanige geaffilieerde liggaam bepaal.

23.2 Op die Algemene Jaarvergadering van elke geaffilieerde liggaam word jaarliks 'n klubbestuurskomitee, wat die sake van sodanige geaffilieerde liggaam beheer, asook 'n verteenwoordiger wat op die Afdelingsbestuurskomitee dien, en 'n sekondus wat op die Afdelingsbestuurskomitee dien gedurende die afwesigheid of nie-beskikbaarheid van die verteenwoordiger van sodanige geaffilieerde liggaam, verkies.

23.3 Die Sekretaris van elke geaffilieerde liggaam moet voor die einde van elke jaar die Uniesekretaris en afdelingsekretaris skriftelik in kennis stel van die name, adresse en telefoonnommers van die lede wat verkies is om te dien as verteenwoordiger en sekundes van sodanige geaffilieerde liggaam op die Afdelingsbestuurskomitee.

24. **KLUB-BESTUURSKOMITEE**

24.1 Elke geaffilieerde liggaam het 'n klubbestuurskomitee bestaande uit 'n Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris en sodanige ander lede as wat nodig mag wees.

24.2 Elke lid of sekundes van 'n geaffilieerde liggaam, wat verkies is om op die Afdelingsbestuurskomitee te dien is ampshalwe 'n lid van die klubbestuurskomitee.

25. **VERKIESING EN DIENSTERMYN**

25.1 'n Klubbestuurskomitee word jaarliks op die Algemene Jaarvergadering van elke geaffilieerde liggaam verkies.

25.2 Die dienstermy van 'n klubbestuurskomitee verstryk by die volgende Algemene Jaarvergadering van 'n geaffilieerde liggaam, saamgeroep met die doel om 'n Klubbestuurskomitee te verkies, watter gebeurtenis ookal eerste plaasvind.

25.3 Die bepalings van Artikel 25.1 en 25.2 is ook op elke Klubbestuurskomitee van 'n geaffilieerde liggaam van toepassing.

26. **MAGTE**

Die magte van 'n Klubbestuurskomitee is onderworpe aan die bepalings van hierdie Grondwet, soos deur elke geaffilieerde liggaam in sy eie Grondwet bepaal.

27. **ERE LIDMAATSKAP**

27.1 Die Uniebestuurskomitee mag jaarliks op sy eerste vergadering, ere-lidmaatskap van nie langer as een jaar aan enige persoon, organisasie of lid wat voortreflike diens aan die Unie of die wedvlugduifsport gelewer het, toeken.

27.2 Ere lidmaatskap wat ingevolge die bepalings van Artikel 27.1 toegeken is, mag jaarliks vir 'n verdere periode van 1 (een) jaar verleng word.

28. **AANSOEK OM LIDMAATSKAP**

28.1 Enige persoon wat verlang om 'n lid van die Unie te word, moet 'n aansoek, gerugsteun deur 'n voorsteller en sekondant, wat lede van die Unie is, op die voorgeskrewe vorm by die Sekretaris van die geaffilieerde liggaam waarby hy wil aansluit, indien, saam met 'n uitklaringbrief van

sy vorige klub, indien van toepassing en moet ook die voorgeskrewe ledegelde betaal.

28.2 'n Geaffilieerde liggaam aanvaar geen aansoek om lidmaatskap van enige persoon wat 'n lid van enige ander wedvlugduiforganisasie of klub was, indien sodanige applikant nie 'n sertifikaat het om te bewys dat hy sodanige organisasie of klub eervol en uit sy eie verlaat het, indien nie.

28.3 Individuele klubs mag in hul eie diskresie hulle lede toelaat om gelyktydig ook by 'n ander Unie of klub aan wedvlugte deel te neem of om dit te verbied.

28.4 Indien enige lid in gebreke bly om sy jaarlikse gelde te betaal binne veertien (14) dae vanaf die datum waarop sodanige bedrae betaalbaar word, hou sodanige lid op om lid van die Unie en die betrokke klub te wees, tensy hy sy versuim tot bevrediging van die Bestuurskomitee kan verduidelik.

28.6 Enige twee persone wat lede van dieselfde geaffilieerde klub is mag as deellede deelneem, elk van uit sy eie hok en deur gebruik van sy eie klok onderhewig aan die volgende voorwaardes:

28.6.1 Elkeen van die twee persone moet die volle lidmaatskap fooi van die Unie betaal.

28.6.2 Elkeen moet sy helfte van die vervoergeld betaal.

28.6.3 Daar moet twee persone saam onderneem om as 'n deel lid deel te neem en voor die aanvang van die vliegseisoen hulle daartoe verklaar.

28.6.4 Elkeen sal slegs die helfte van die duiwe wat per volle lid toegelaat word inkorf.

28.6.5 Prysgeelde word uitbetaal aan die persoon wat die betrokke duif ingeskryf het.

28.6.6 Punte tel onafhanklik ten opsigte vandie persoon wat die betrokke duif ingeskryf het.

29. **ALGEMEEN**

- 29.1 Slegs persone wat toegelaat is as lede van die Unie, is die lede van 'n geaffilieerde liggaam en enige persoon wat ophou om 'n lid van die Unie te wees, sal so ook ophou om 'n lid van enige geaffilieerde liggaam te wees en omgekeer, met dien verstande dat enige persoon wat 'n lid van enige geaffilieerde liggaam is, beskou sal word as toegelaat word om verkies te word as 'n lid van die Unie en die betrokke geaffilieerde liggaam is onderhewig aan die bepalings vanaf die datum waarop hierdie Grondwet in werking tree.
- 29.2 'n verkiesing van 'n lid tot lidmaatskap van die Unie, kan deur die Uniebestuurskomitee gekanselleer word indien 'n wesenlike wanvoorstelling of fout volgens die Uniebestuurderskomitee ten opsigte van die lid of deur die lid gemaak is.
- 29.3 Indien 'n lid om watter rede ookal ophou om 'n lid van die Unie te wees, verbeur hy outomaties alle geldelike eise teen die Unie of enige geaffilieerde liggaam daarvan.
- 29.4 Geen lid onder die ouderdom van agtien jaar, kan as 'n lid van die Uniebestuurskomitee, 'n Afdelingsbestuurskomitee of 'n klubbestuurskomitee verkiesbaar of nomineerbaar word nie.
- 29.5 Die Sekretaris van elke geaffilieerde liggaam stel die Uniesekretaris en Afdelingssekretaris onmiddellik skriftelik in kennis indien 'n lid gekors is, of as hy bedank het, of as 'n Bestuurskomitee van sodanige geaffilieerde liggaam aanbeveel dat 'n lid van die Unie se lidmaatskap opgeskort word.

30. **LEDEGELD**

JAARLIKSE LEDEGELD

- 30.1 Elke lid betaal 'n jaarlikse ledegeld, die bedrag waarvan jaarlikse deur die Uniekomitee vasgestel word.
- 30.2 Ledegeld is jaarliks op die 1st van Maart verskuldig en betaalbaar voor die aanvang van die Algemene Jaarvergadering van die geaffilieerde liggaam.
- 30.3 Enige geaffilieerde liggaam aan wie enige ledegeld betaal is, moet binne 14 dae vanaf die datum van betaling , 'n gelyke bedrag oordra aan die Uniesekretaris en om hom terselfdertyd ook van 'n lys, in duplikaat met die name, adresse en telefoonnommers van die lede wat hulle ledegeld betaal het, te voorsien.
31. **VERSUIM OM LEDE GELDE TE BETAAL**
- 31.1 Enige lid wat in gebreke bly om sy jaarlikse ledegeld op die vasgestelde datum te betaal, word nie toegelaat by die Algemene Jaarvergadering van enige geaffilieerde liggaam of om daarop te stem nie of om verkies of aan te bly of genomineer te word as lid van die Bestuurskomitee van enige geaffilieerde liggaam, afdeling of die Unie nie en ook nie om identifikasieringe te verkry nie of om mee te ding in enige wedvlug of gebeurtenis deur die Unie georganiseer nie, totdat sy / haar agterstallige ledegelde ten volle betaal is.
- 31.2 Indien enige lid in gebreke bly om sy jaarlikse ledegeld binne 14 dae vanaf die vasgestelde betaaldatum te betaal , hou so 'n lid op om lid van die Unie of enige geaffilieerde liggaam daarvan te wees.
- 31.3 'n Lid wie se lidmaatskap gekanselleer is of wat uitgesit is of geskors is, bly nog aanspreeklik vir agterstallige ledegeld.

32. **JEUGLEDE**

32.1 Enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar oud word beskou as 'n jeuglid en kan onder die status van 'n jeuglid aan wedvlugte deelneem.

32.1 Jeuglede word toegelaat om deel te neem aan alle wedvlugte teen betaling van slegs die vervoerkoste soos van tyd tot tyd te bepaal maar hulle word nie verteenwoordiging op die bestuurskomitee toegelaat nie en kom ook nie in aanmerking vir verkiesing of vir benoeming tot lid van genoemde komitee nie. Jeuglede sal ook nie vir enige prysgelde meeding nie.

32.3 Die getal duiwe wat Jeuglede mag vlieg is vyf (5) vir enkel wedvlugte en drie (3) elk vir dubbel wedvlugte. Die duiwe wat op sy naam geregistreer is mag vir die hele duur van die seisoen nie op iemand anders se naam geregistreer word nie.

33. **VENNOOTSKAPPE**

Waar 'n duiwehok in vennootskap besit of beheer word, word die vennootskap vir doeleindes van heffing van jaarlikse ledegeld as een lid beskou en 'n enkele jaarlikse ledegeld is aan die Unie betaalbaar. Enige dissiplinêre sanksies sal afdwingbaar wees op al die lede van die vennootskap

34. **DISIPLINERE KODE**

34.1 Die kode sal op gelyke wyse ten opsigte van alle lede van die Unie toegepas word.

34.2 Dit is elke lid se verantwoordelikheid om dissipline, goeie orde en aanvaarbare betaamlike gedrag te handhaaf.

34.3 'n Lid teen wie daar ingevolge hierdie kode opgetree word sal ten alle tye :

34.3.1 Van die aanklag teen hom/haar skriftelik in kennis gestel word.

- 34.3.2 Binne 'n redelik tydperk gedissiplineer word.
- 34.3.3 Teenwoordig wees by die verhoor, en geregtig wees om aangehoor te word.
- 34.3.4 Tydens die ondersoek die reg hê om verteenwoordig te word.
- 34.3.5 Reg hê om getuies te roep.
- 34.3.6 Enige getuie wat geroep word, te kruis ondervra.
- 34.3.7 Die reg hê tot toegang van enige getuienisse, bewysstukke of relevante inligting.
- 34.3.8 Indien 'n bevinding van skuldig uitgebring word sal die gedissiplineerde lid tyd gegun word om getuienis ter versagting aan te bied waarna 'n sanksie opgelê word.
- 34.3.9 Binne 7 (sewe) dae na die verhoor skriftelik in kennis gestel word van die paneel se bevinding en die sanksie, indien enige.
- 34.3.10 Die gedissiplineerde lid sal ingelig word van sy reg tot appel tot die Unie.

35. **OORTREDINGS**

- 35.1 Dit is onmoontlik om alle moontlike vorms van oortredings te lys en derhalwe sal gesteun word op dit wat as onaanvaarbare en onredelike optrede geag word, gemeet aan die heersende of gebruiksgewestigde norme en standaarde vir optrede van lede van die Unie. Elke oortreding wat onaanvaarbare gedrag daarstel sal ingevolge die dissiplinêre proses geïdentifiseer en hanteer word.
- 35.2 Oortredings mag gekombineer word vir die doel van dissiplinêre optredes.

35.3 Dissiplinêre besluite word geneem met behoorlike oorweging van vorige soortgelyke oortredings waarvan die waarskuwings periode nog nie verval het nie, sowel as die algemene dissiplinêre rekord van die betrokke gedissiplineerde lid. Dit is derhalwe noodsaaklik dat die gedissiplineerde lid se dissiplinêrerekord oorweeg word in die besluit oor die mees gepaste dissiplinêre sanksie wat geneem moet word nadat 'n lid aan die oortreding skuldig bevind is.

35.4 Die bewyslas om 'n oortreder skuldig te bevind berus op die ondersoeker om bo oorwig van waarskynlikhede die respondent skuldig te bewys aan die spesifieke oortreding wat ooreenstem met die bewyslas in enige sivielehofverrigting. Indien die voorsittende beampte of die paneel oortuig is op 'n oorwig van waarskynlikhede dat die respondent wel die oortreding begaan het, moet die oortreder van die oortreding skuldig bevind word.

35.5 Die spesifieke oortredings wat in die grondwet vervat is oor die algemeen moet nie as volledig beskou word nie. Die oortredings kan as volg gekategoriseer word ter wille van maklike verwysing.

35.4.1 Onreëlmatige gedrag

35.4.2 Alkohol/Dwelms

35.4.3 Oneerlikheid

36. **ONREËLMATIGE GEDRAG**

DIE MAKSIMUM DISSIPLINÊRE SANKSIE WAT TOEPASLIK IS TEN OPSIGTE VAN ELKE KOLOM BEHOORT AS 'N RIGLYN GEBRUIK TE WORD EN BEHOORT NIE OUTOMATIES TOEGEPAS TE WORD NIE. DIE AARD EN OMSTANDIGHED E VAN ELKE AFSONDERLIKE GEVAL, MET INAGNEMING VAN EIE MERIETE, BEHOORT IN AGGENEEM TE WORD VOORDAT 'N BESLUIT GENEEM WORD.

OORTREDING	NOTA TER VERDUIDELIKING	EERSTE OORTREDING	TWEEDE OORTREDING	DERDE OORTREDING
Ander lede dreig of opstook ten einde deel te neem aan ontwrigting		Finale skriftelike waarskuwing	Skorsing vir 'n bepaalde termyn	Beëindiging van lidmaatskap
Dreigemente tot aanranding en aanranding	Fisiese aanranding/aanval deur een party ten opsigte van 'n ander of deur twee partye teen mekaar. Omstandighede waar selfverdediging ter sprake is moet in ag geneem word	Skorsing vir 'n bepaalde termyn	Beëindiging van lidmaatskap	N.V.T
Onbeskofte / Onbehoorlike / Minagtende gedrag	Vloektaal gebruik teenoor medelede, maak van neerhalende aanmerkings teenoor medelede, uittarting, onbeskoftheid, astrantheid gebruik van onbehoorlike teken en ander optredes wat hiermee in verband	Skriftelike waarskuwing	Skorsing vir 'n bepaalde termyn	Beëindiging van lidmaatskap.

staan.

37. **ALKOHOL OF DWELMS**

OORTREDING	NOTA TER VERDUIDELIKING	EERSTE OORTREDING	TWEEDE OORTREDING	DERDE OORTREDING
Gebruik van alkohol in 'n gebied, anders as 'n gebied spesiaal ingeruim vir die gebruik van alkohol		Mondelingse waarskuwing	Finale skriftelike waarskuwing (maar kan uitgesluit word indien die oortreding ernstig is)	Skorsing vir termyn en / of permanent
Dermate onder die invloed van alkohol of dwelms verkeer dat lid se optrede 'n erfenis, aanstoot of weersin veroorsaak.	Waar 'n lid duidelik dermate onder die invloed van alkohol / dwelms verkeer en waar sy optrede onaangenaam of onsmaaklik deur medelede aanvaar word	Finale skriftelike waarskuwing	Skorsing vir termyn	Beëindiging van lidmaatskap.

38. **ONEERLIKHEID**

OORTREDING		EERSTE OORTREDING	TWEEDE OORTREDING	DERDE OORTREDING
Peuter met klokke, wedvlugringe, elektroniese ringe of enige iets wat hiermee in verband staan ten einde die akkurate tydmetering van deelnemende wedvlugduiwe op welke wyse ookal te beïnvloed		Skorsing vir termyn	Beëindiging van lidmaatskap	
Oneerlikheid ten opsigte van oorsprong en / of geslagregisters van duiwe wat vir veiling aangebied word		Skriftelike waarskuwing	Skorsing vir termyn.	Beëindiging van lidmaatskap
Duiwe wat bekom word op 'n wyse wat in stryd is met algemene beginsels van goeie praktyk bv. Steel van duiwe, toewenning van vreemde		Finale skriftelike waarskuwing / skorsing vir termyn	Beëindiging van lidmaatskap	

duiwe sonder om die Unie binne 'n redelike tyd van die teenwoordigheid van die vreemde duif te verwittig				
Koop van duiwe, insluitend aankope ge- doen op veilings sonder om die ooreengekome koopsom tydig en ten volle te vereffen		Verbod om verder aan wedvlugte deel te neem	Skorsing vir termyn of beëindiging van lidmaatskap	
Gebruik van enige verbode middels soos geklassifiseer deur die SANPO Grondwet.		Beëindiging van lidmaatskap van Unie of enige ander sanksies wat die bestuur mag oplê.		

39. **DISSIPLINÊRE PROSEDURE.**

39.1 Die prosedure bestaan uit twee aksies:

39.1.1 'n Ondersoek waartydens feite en bewyse wat van toepassing is op die beweerde oortreding versamel word.

39.1.2 Indien die ondersoek aandui dat die oortreding van so 'n aard is dat die straf nie 'n skriftelike waarskuwing regverdig nie of indien die oortreding swaarder straf regverdig, word die volgende prosedures gevolg.

39.1.3 In gevalle waar die graad van die oortreding slegs **berading** regverdig, moet die Voorsitter van die Unie:

39.1.3.1 Die oortreding onder die lid se aandag bring;

39.1.3.2 Die redes vir die oortreding bepaal en die lid geleentheid gee om op die bewering te reageer;

- 39.1.3.3 'n Ooreenkoms met die lid bereik ten einde die gedrag te remedieer.
- 39.1.4 In gevalle waar die graad van die oortreding 'n **mondelingeteregwysing** regverdig, word sodanige mondelinge teregwysing deur die Voorsitter van die Unie aan die lid meegedeel. Die Voorsitter deel die lid mee dat verdere optrede van sodanige aard mag lei tot ernstiger optrede deur die Unie en word die mondelinge waarskuwing op die rekords van die Unie aangeteken.
- 39.1.5 In gevalle waar die grond van die oortreding van 'n ernstiger aard is waar die gepaste straf met skuldigbevinding minstens 'n finale skriftelike waarskuwing sal regverdig of waar die lid reeds voorheen 'n mondelinge waarskuwing vir dieselfde tipe oortreding ontvang het sal 'n **verhoor** gehou word waartydens die beweerde oortreding(s) geëvalueer word en daar besluit sal word op 'n gepaste dissiplinêre sanksie.
- 39.1.6 Waar 'n lid formeel van 'n beweerde oortreding aangekla word, word die volgende proses gevolg:
- 39.1.6.1 Die lid word skriftelik van die beweerde oortreding in 'n formaat soortgelyk aan bylae "A" in kennis gestel.
- 39.1.6.2 Die Lid moet die skuld erken of ontken binne 5 (vyf) dae van ontvangs van Bylae "A" in die formaat soos uiteengesit in Bylae "B".
- 39.1.6.3 By erkenning van skuld, word die beweerde wangedrag as bewese beskou en word 'n paneel deur die Unie aangewys om enige versagende omstandighede van die Respondent aan te hoor en om 'n gepaste strafsanksie op te lê.

39.1.6.4 Die Respondent moet binne drie dae skriftelik van die beslissing van die paneel in kennis gestel word. Die Respondent behou sy reg tot appèl teen die vonnis soos vervat in die voorgeskrewe appèlprosedure.

39.1.6.5 By skuldontkenning deur die Respondent word die volgende prosedure gevolg:

39.1.6.5.1 Die Respondent ontvang 'n skriftelike kennisgewing 7 dae voor die verhoordatum, in 'n formaat soortgelyk aan Bylae "C". Dit stel hom in kennis van die datum van die verhoor.

39.1.6.5.2 Die verhoor word deur 'n paneel hanteer, wat deur die Unie word.

saamgestel

39.1.7 Uit enige bevoegde persoon deur die Unie aangewys wat as Voorsitter kan optree en twee lede van die Unie aangewys deur die Voorsitter asook 'n lid deur die klub van die Respondent aangewys. Die Voorsitter is by magte om 'n assessor aan te wys om behulpsaam te wees met die verhoor asook om 'n bevoegde persoon wat die ondersoek doen en die getuienis aanbied (die ondersoeker) aan te stel.

39.1.8 Indien die 7 dae kennisgewing van verhoor op die Respondent tydig beteken is en hy nie tydens die geskeduleerde verhoor opdaag nie sal die verhoor voortgesit word in sy afwesigheid. Indien die Respondent 'n uitstel versoek moet hy die ondersoeker ten minste 48 uur voor die aanvang van die verhoor in kennis stel dathy wel aansoek gaan doen vir uitstel.

39.1.9 Die paneel wat deur die Unie saamgestel is het die bevoegdheid om die gepaste straf op te lê.

40. **DIE DOEL VAN DIE VERHOOR**

- 40.1 Om orde te handhaaf.
- 40.2 Om alle relevante feite, inligting en bewyse te bekom en te evalueer.
- 40.3 Om 'n uitspraak ten opsigte van die skuld op te lê.
- 40.4 Om 'n dissiplinêre sanksie in die geval van skuldig op te lê.
- 40.5 Om gehoor te gee aan die regte van 'n Respondent.

41. **DIE VERHOOR**

Die paneel volg die volgende prosedure gedurende die verhoor:

- 41.1.1 Die voorsittende beampte verduidelik die aard en doel van die ondersoek en verduidelik aan die Respondent sy regte.
- 41.1.2 Die ondersoeker stel aan die Respondent die aanklag en spreek die paneel toe op die feite.
- 41.1.3 Die Respondent kry ook die geleentheid om die paneel toe te spreek en geskilpunte te identifiseer.
- 41.1.4 Die Unie stel sy saak deur die ondersoeker en roep getuies.
- 41.1.5 Die getuies mag deur enige lid van die paneel insluitend die Respondent of sy verteenwoordiger ondervra of kruisondervra word.
- 41.1.6 Hierna kry die Respondent die geleentheid om sy saak te stel asook om getuies te roep. Die Respondent en sy getuies mag deur die ondersoeker gekruis ondervra word en lede van die paneel kan ook vrae ter opheldering vra.

- 41.1.7 Die ondersoeker kry dan die geleentheid om die paneel toe te spreek met betrekking tot die skuld van die Respondent, en die Respondent kry ook geleentheid om die paneel toe te spreek met betrekking tot sy onskuld.
- 41.1.8 Hierna word die ondersoeker en die Respondent tydelik verskoon en kom die paneel tot 'n gevolgtrekking rakende die Respondent se skuld of onskuld.
- 41.1.9 Die voorsittende beampte roep die partye terug in die komitee, gee hul uitspraak en verskaf redes waarom daar tot die gevolgtrekking gekom is.
- 41.1.10 Indien die Respondent onskuldig bevind word is dit die einde van die verhoor maar indien die lid skuldig bevind word, word die ondersoeker en die Respondent die geleentheid gebied om versagtende of verswarende omstandighede aan te bied.
- 41.1.11 Na aanhoor van die pleidooi ter verswarende en versagting word die ondersoeker en Respondent tydelik verskoon en besluit die paneel oor die oplegging van 'n gepaste sanksie.
- 41.1.12 Die voorsittende beampte roep die partye terug in die komitee en stel die Respondentmondelings in kennis van die sanksie maar moet die sanksie ook binne 3 (drie) dae na die datum van die verhoor skriftelik aan die Respondent oorhandig.
- 41.1.13 Die voorsittende beampte vestig ook die Respondent se aandag op sy reg op appèl tot SANPO.
- 41.1.14 Tydens die verhoor moet alle getuienis meganies opgeneem word en moet die opname in veilige bewaring gehou word vir ten minste 3 jaar na die verhoor.

42. **APPÈL TEEN BESLUIE VAN DIE GEAFFILIEERDE KLUBS EN/OF DIE DISSIPLINÊRE KOMITEE**

- 42.1 Indien 'n lid nie tevrede is met 'n besluit van sy Klubkomitee nie moet hy eers skriftelik by sy Klubkomitee beswaar daarteen aanteken en die klubkomitee die geleentheid gee om die saak te oorweeg.
- 42.2 Die klubkomitee het 'n tydperk van 7 dae om oorweging te skenk aan die beswaar en indien hulle geen antwoord aan die lid teruggee binne die 7 dae tydperk nie of indien hulle die lid in kennis stel dat hulle by hul besluit hou, moet die lid sy appèl by die Uniesekretaris laat aflewer binne 14 dae na verstryking van die 7 dae oorwegingsperiode. Sodanige appèlle sal deur die dissiplinêre Ondersoekkomitee van die **GPU** hanteer word.
- 42.3 Daar kan teen die bevindings van die dissiplinêre Ondersoekkomitee van die Bestuurskomitee geappelleer word op voorwaarde dat:
- 42.3.1 Enige persoon wat deelgeneem het aan die verrigtinge van die Klub wat vir sodanige beslissings of opdrag verantwoordelik is, hom of haar by die aanhoor van sodanige appèl, nadat dieklagte gestel is, moet onttrek.
- 42.3.2 Die vakature wat aldus in die Bestuurskomitee ontstaan deur die Bestuurskomitee of soortgelyke liggaam van die betrokke klub gevul moet word.
- 42.3.3 Die kworum van die Bestuurskomitee by die aanhoor van sodanige appèl sal wees een meer as die helfte van die lede van die Bestuurskomitee en enige saak sal beslis word deur 'n meerderheid van stemme.
- 42.3.4 'n Bedrag van R50 saam met sodanige kennis van appèl betaal word.

42.3.5 Sodanige appèl ondersteun word deur 'n skriftelike verslag van die betrokke lid en skriftelike verslae van enige getuienisse, indien enige, wat die gronde vir appèl uiteensit.

42.3.6 Die Bestuurskomitee is by magte om enige sodanige beslissing te bekragtig, te wysig of tersyde te stel op enige wyse hoegenaamd.

42.4 Indien die lid of die geaffilieerde klub nie tevrede is met die Bestuurskomitee se beslissing nie, het die betrokke lid of die betrokke klub die reg om na SANPO te appelleer.

42.5 Die Bestuurskomitee mag die appellant versoek om persoonlik voor hom / haar te verskyn vir die doel om hom te ondervra.

42.6 Die Bestuurskomitee het die mag om na goeddunke te gelas dat die voormelde bedrag van R50 terug betaal of behou word.

42.7 Dit is onwettig om stemme of steun te werf in verband met enige sodanige appèl en dit sal die geaffilieerde Klub of die betrokke lid blootstel aan skorsing of uitsetting uit die Unie volgens die uitsluitlike en absolute goeddunke van die Bestuurskomitee.

43. **LEDE WAT VERBIED IS OM AMPTE TE BEKLEE**

Enige geskorste lid, is vanaf die datum van skorsing of uitsetting, onthef van enige amp en is nie verkiesbaar as 'n lid van die Uniebestuurskomitee of die Bestuurskomitee van enige geaffilieerde liggaam of Afdelingsbestuurskomitee nie, met dien verstande dat 'n lid wat heropgeneem is herkiesbaar is op voormelde Bestuurskomitees.

44. **FINANSIEËL**

44.1 Die finansiële jaar van die Unie en sy geaffilieerde liggame strek vanaf 1 Januarie van enige jaar tot die 31ste Desember van die volgende jaar, soos die geval mag wees.

- 44.2 Die Uniebestuurskomitee moet toesien tot die boekhouding van die sake van die Unie en die Uniebestuurskomitee moet elke jaar 'n behoorlike en volledige balansstaat, 'n inkomste - en uitgawe - rekening en 'n verslag van die sake van die Unie aan elke Afdelingsbestuurskomitee voorlê voor die einde van elke finansiële jaar.
- 44.3 Die boeke en rekeninge van die Unie moet so gou as moontlik na die afsluiting van elke finansiële jaar **afgesluit en Finansiële Jaarstate opgestel word. Die Finansiële jaarstate moet nagesien word deur 'n Onafhanklike Rekeningkundige Praktisyn vir voorlegging op die Algemene Jaarvergadering van die Unie. (1 September 2020)**
- 44.4 Enige geldelike tekort wat gedurende 'n wedvlugseisoen mag ontstaan moet deur middel van 'n pro-rata heffing op elke lid gehef word en sodanige betaling geskied op sodanige wyse en binne sodanige tydperk soos deur die Uniebestuurskomitee bepaal mag word.
- 44.5 Alle transaksies met die Unie moet per tjek of by wyse van elektroniese fonds oorplasing (EFT) vereffen word.
- 44.6 Elke geaffilieerde liggaam moet terselfde tyd toesien **dat** die boekhouding van die sake van die geaffilieerde liggaam **jaarliks deur die Algemene Jaarvergadering van die geaffilieerde liggaam bekragtig word. (1September 2020)**
45. **REGISTRASIERINGE**
- 45.1 Registrasieringe bevat die letters soos vasgestel deur die Uniebestuurskomitee gevolg deur die jaar van uitreiking en reeksnommers.
- 45.2 Geen ringe mag deur enige geaffilieerde liggaam aan enige lid uitgereik word alvorens al die jaarlikse ledegelde wat deur die lid aan die Unie of enige sodanige geaffilieerde liggaam betaalbaar is, ten volle betaal is nie en geen uitgereikte ringe mag van die hand gesit of

andersins vervreem word aan enige persoon wat nie 'n lid van die Unie is nie, tensy die Uniebestuurskomitee skriftelike goedkeuring daarvoor gegee het.

- 45.3 Die uitreikingsdatum van registrasieringe is die 1st Mei van elke jaar, of so datum deur die Uniebestuurkomitee vasgestel.
- 45.4 Geen geaffilieerde liggaam of lid is geregtig om registrasieringe wat gekoop is terug te gee nie en terugbetaling daarvoor te ontvang nie tensy dit skriftelik deur die Uniebestuurskomitee goedgekeur is.
46. **FINANSIËLE REËLS**

- 46.1 Alle bestellings van geaffilieerde liggame aan die Unie moet vergesel word met die toepaslike bedrag geld betaalbaar vir die goedere wat bestel is. Die Unie Sekretaris sal nie geaffilieerde liggame met enige goedere voorsien, totdat betaling daarvoor ontvang is nie.
- 46.2 Enige geaffilieerde liggaam wat op die betaaldatum in gebreke is met betaling van enige inskrywingsgelde, vervoerfooie of nominasies sal tot tyd en wyl sodanige skuld vereffen is, nie geregtig wees om aan enige wedvlugte deel te neem nie. Die Unie Sekretaris sal die Sekretaris van die geaffilieerde liggaam wat in gebreke is, skriftelik 'n faks of per e-pos van sodanige versuim in kennis stel.

47. **INTERPRETASIE VAN GRONDWET, BY-WETTE, REËLS EN REGULASIES**

Indien daar enige twyfel bestaan oor die betekenis of toepassing van enige van die bepalings van die Grondwet of enige by-wette, reëls of regulasies daarkragtens opgestel, is die interpretasie van die Uniebestuurskomitee finaal, bindend en beslissend met dien verstande dat indien daar enige teenstrydigheid is, of blyk te wees, tussen die Afrikaanse en Engelse weergawes sal die Uniebestuurskomitee in die uitoefening van sy magte

ingevolge hierdie artikel, 'n uitleg gee wat sover moontlik versoenbaar is met albei weergawes.

48. **ONTBINDING**

48.1 Die Unie mag ontbind of saamsmelt met 'n ander organisasie wat soortgelyke doelstellings en oogmerke het, mits in beide gevalle sodanige besluit geneem is deur 75% van die lede teenwoordig op 'n behoorlike saamgestelde vergadering van die Uniebestuurskomitee wat byeengeroep is spesiaal vir daardie doel.

48.2 By samesmelting kan die bates van die Unie oorgedraword aan die vereniging waarmee die samesmelting plaasvind indien dit so vereis word.

48.3 By ontbinding word die bates van die Unie deur 'n likwidateur wat aangestel sal word deur die Uniebestuurskomitee of deur die Hof, soos die geval mag wees, verkoop en die opbrengs, nadat alle skulde vereffen is, word aan die veeartsenystigting, Onderstepoort, geskenk.

48.4 Indien die Unie sou ontbind sal daar geen verpligtinge wees vir enige lid of geaffilieerde klub nie, behalwe sover hy persoonlik lidmaatskap - of ander gelde aan die Unie verskuldig is.

49. **ALLEREI**

49.1 Elke lid sien toe dat sy/haar adres of enige veranderinge van adres by die Uniesekretaris deur middel van sy/haar geaffilieerde liggaam aangeteken word.

49.2 Enige skriftelike kennisgewing of skrywe van watter aard ookal aan 'n lid wat per hand, per pos, per e-pos of per faks versend na die adres van sy geaffilieerde liggaam, soos aangeteken in die Unie se rekords ten tye van versending, word vir alle doeleindes beskou as deur sodanige lid ontvang te wees binne 48 uur nadat dit per hand afgelewer, gepos, gefaks of per e-pos versend is.

- 49.3 Die nalate om enige persoon wat geregtig is om 'n vergadering by te woon, daarvan kennis te gee, maak nie die verrigtinge van die vergadering ongeldig nie.
- 49.4 Enige by-wette, reëls of regulasies wat deur die Uniebestuurskomitee gemaak, gewysig of opgehef word, word skriftelik van kennis gegee aan 'n lid deur middel van sy / haar geaffilieerde liggaam.
- 49.5 Elke beampte en lid van die Unie is te alle redelike tye geregtig om die rekeningboeke en ander dokumente van die Unie na te gaan en die Uniesekretaris, Uniewedvlugbeampte of ander bewaarder daarvan is verplig om dit beskikbaar te stel op sodanige tyd en plek wat redelik is.
- 49.6 Elke lid van die Uniebestuurskomitee, beampte of lid, agent of werknemer van die Unie word uit die fondse vir enige onkoste, eise, uitgawes, verliese gely en verpligtinge deur hom aangegaan in die uitvoering van die Unie se sake of sy pligte in verband daarmee, vergoed. Geen sodanige persoon is aanspreeklik vir die doen en late van enige ander persoon deurdat hy meegedoen het by enige ontvangs van geld, wat nie deur hom / haar persoonlik ontvang is nie, of vir enige verlies deur defektiewe titel tot eiendomme deur die Unie bekom of deur ontoereikendheid van sekuriteit waarin of op sterkte waarvan enige geld van die Unie belê is, of vir enige verlies van watter aard ookal, wat nie deur die opsetlike dade of growwe nalatigheid van sodanige persoon veroorsaak is nie.
- 49.7 Dit is verbode om verdwaalde duiwe te hou. Verdwaalde duiwe moet binne 'n redelike tyd by die Uniesekretaris met vermelding van volle besonderhede van kleur van die duif en die ringnommers gerapporteer word.

50. **BESLEGTING VAN GESKILLE**

Sou enige geskille as gevolg van nie-nakoming van enige bepaling van hierdie Grondwet of van enige by-wette, reëls of regulasies ontstaan word dit na die Uniebestuurskomitee verwys, wie se beslissing finaal, bindend, en beslissend is.

51. **PRYSGELDE EN NOMINASIES**

51.1 Behalwe vir wedvlugte gereguleer deur die Uniebestuurskomitee, word die inskrywingsfooie betaalbaar, die aantal plekke wat kwalifiseer vir prysgelde en die toekenning daarvan deur die geaffilieerde liggaam vasgestel. Ingeval minder as die nodige aantal duiwe binne die vasgestelde wedvlugtyd terugkeer, sal al die prysgelde op die normale verdelingsbasis van prysgeld aan die duiwe wat plekke behaal het, toegeken word.

51.2 Elke geaffilieerde liggaam sal vir die invordering van alle betaalbare gelde en die oorbetaling daarvan aan die Uniesekretaris, verantwoordelik gehou word. Sodanige gelde sal nie later as die tweede werksdag, wat volg op sluitingsdag van die wedvlug, aan die Uniesekretaris, betaal word nie.

52. **GELDIGHEID VAN VORIGE BEPALINGS, BY-WETTE, REËLS EN REGULASIES**

52.1 Enige stappe, verrigtinge of prosedures wat reeds gedoen is ingevolge enige van die bepalings van die ou Grondwet wat hiermee herroep word ingevolge artikel 1 hiervan en enige stappe, verrigtinge of prosedures wat nog nie afgehandel is op datum waarop hierdie Grondwet in werking tree nie, moet sodanige stappe, verrigtinge of prosedures voltooi word in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Grondwet indien dit moontlik is.

52.2 Enige by-wette, reëls en regulasies gemaak ingevolge die ou Grondwet wat ingevolge artikel 1 van die Grondwet herroep is, sal in soverre as wat dit nie strydig is met die bepalings van hierdie Grondwet nie, beskou word as gemaak te wees ingevolge die ooreenstemmende bepalings van hierdie Grondwet.

53. **TUSSENTYDSE UNIEBESTUURSKOMITEE**

Die huidige lede van die Uniebestuurskomitee wat verkies is ingevolge die bepalings van die ou Grondwet wat hier deur herroep is, geag as behoorlik verkose ingevolge die ooreenstemmende bepalings van hierdie Grondwet en hulle gaan voort om te funksioneer as die Uniebestuurskomitee totdat 'n Uniebestuurskomitee ingevolge die bepalings van hierdie Grondwet verkies is.

54. **DIVERSE BEPALINGS**

54.1 **WEDVLUGREËLS**

Die wedvlugprogram vir elke seisoen tesame met volle besonderhede oor die loslatingspunte, tye, vervoerkoste, inskrywingsgelde, inkomingsdatums en loslatingsdatums sal aan elke lid ten minste 14 dae voor die eerste wedvlug beskikbaar gestel word.

54.2 **SPOEDBEREKENING**

54.2.1 Elke wedvlug sal volgens die stelsel van spoedberekening oor 'n reguit afstand en die tyd wat tussen die loslatingstyd en die inkloktyd verloop het, minus die nagure waar van toepassing, bereken word. Die duif wat die hoogste getal meters per minuut afgelê het, sal beskou word as die wendui en tweede en verdere plekke volg na hom.

54.2.2 'n Wedvlug sal sluit in ooreenstemming met die afstand afgelê en die inkloktyd van die wendui waarby die getal ure soos hieronder vermeld bygetel word:

- (a) 0 tot 700km - 12uur (uitsluitende nagure)
- (b) 701 tot 1000km - 24 ure (uitsluitende nagure)

(c) Meer as 1000km – 48 ure (uitsluitende nagure)

54.2.3 'n Wedvlug sluit sodra die eerste duif se spoed minder as 450 meters per minuut beloop. So 'n wedvlug word gekanselleer en nietig verklaar.

54.2.4 'n Wedvlug sal slegs na 'n besluit van die Unie se Bestuurskomitee gekanselleer word.

54.3 **DUIWE WAT IN WEDVLUGTE MAG DEELNEEM**

54.3.1 Duiwe wat meeding in wedvlugte moet die *bona fide* eiendom van die lid wat hulle inskryf het wees, en elke duif moet met die amptelike registrasie van die Unie gering wees of 'n registrasie wat deur die Unie aanvaar word.

54.3.2 Derby wedvlug : Alle GPU ringe mag in Derby wedvlug deelneem. Ringe van alternatiewe organisasies wat na 1 Mei van daardie spesifieke jaar uitgemerk is mag ook in Derby wedvlug deelneem mits die lid sy volle Derby ringgelde van daardie reeks betaal het ten minste een maand voor die inkorwing van die Derby wedvlug en met die goedkeuring van die Uniekomitee.

54.3.3 Jongduiwe : Jongduiwe wat gering is, en wat in die eienaar se naam geregistreer is mag aan jongduif wedvlugte deel neem, met dien verstande dat as registrasie van 'n ander erkende organisasie gebruik is, nie uitgereik mag wees voor die datum waarop die Unie ringe uitgereik het nie. Ingeval van vreemde ringe, moet die lid 'n sertifikaat aan die Unie oorhandig wat sertifiseer dat die ring nie uitgeruil is voor datum waarop die Unie ringe uitgereik het nie. 'n Jongduif mag in die jaar van sy geboorte aan wedvlugte deelneem, behalwe die Jaaroud kampioenskap, en Derby wedvlugte van daardie jaar.

54.3.4 Registrasie : Elke lid sal voor die aanvang van elke wedvlugreeks alle duiwe wat in eersvolgende wedvlugseisoen sal deelneem registreer. Elke lid sal 'n lys van alle duiwe op die 1st mandjie aand voor die wedvlugte begin aan die Sekretaris van sy klub oorhandig. Hierdie lys moet aan die Wedvlugsekretaris van die Unie oorhandig word wat na ontvangserkenning die lys in sy lêer bewaar vir rekord doeleindes. Aanvullende lyste mag gedurende die seisoen ingehandig word. Wanneer sodanige lys deur die lid onderteken en ingehandig word, verklaar die lid dat hy die *bona fide* eienaar is van die duiwe wat op die lys verskyn.

54.4 Registrasieringe : Registrasieringe verskaf deur die Unie en geregistreer in die naam van 'n Klub, moet aan die lede van so 'n Klub uitgereik en geregistreer word. 'n Ringregister moet deur die klub wat die ringe aan sy lede uitreik bygehou word. By die ondertekening van die wedvluginskrywingsvorm verklaar die lid dat die duif aldus ingeskryf sy *bona fide* eiendom is.

54.5 Beskadigde ringe : Alle duiwe wat aan wedvlugte deelneem moet 'n onbeskadigde registrasie ring aan hê. Enige gepeuterde of beskadigde ringe diskwalifiseer die duif vir deelname aan enige wedvlug.

54.6 Verdwaalde duiwe : Dit is verbode om met verdwaalde duiwe aan wedvlugte deel te neem of sonder die toestemming van die regmatige eienaar.

55. **INKORWING**

55.1 Inkorwing van duiwe mag nie begin alvorens daar ten minste vier deelnemende lede teenwoordig is nie.

55.2 Alle duiwe wat aan wedvlugte deelneem moet gering word met 'n rubberring wat deur die Unie aan sy klubs voorsien en goedgekeur is. Waar elektroniese klokke gebruik word moet die duiwe met elektronieseringegering wees.

- 55.3 Rubberringe : Voordat 'n lid se duiwe vir inkorwing gering word, moet die vereiste aantal rubberringe met papierstrokies vir die betrokke duiwe op so 'n wyse gehou word dat die lid nie toegang daartoe het nie.
- 55.4 Hantering : Die Unie mag onderling self besluit of 'n lid of sy genomineerde toegelaat mag word om sy eie duiwe te hanteer vir die doel van aanbring van die rubberringe of om hulle in die wedvlugmandjie te plaas.
- 55.5 Elke lid of sy verteenwoordiger wat sy eie duiwe dra se hande en arms tot by sy elmboë moet kaal wees sonder 'n horlosie of ring aan sy vingers tydens die mandjie. Die lid moet sy hande op die sensors sonder duif plaas ten einde te bewys dat geen registrasie plaasvind nie. Daarna korf hy die duiwe in met vertoning van die hande voor en na elke inkorwing.
- 55.6 Lees van ring besonderhede : Geen lid en of sy verteenwoordiger mag die nommers van sy eie duiwe uitlees by die aanbring van die rubberring nommers aan sy duiwe gedurende die inkorwing nie. Die volle besonderhede wat op die duif se registrasering voorkom moet gelees word.

56. **KONTROLE VAN RUBBER EN ELEKTRONIESE RINGE:**

- 56.1 Nadat duiwe met rubberringe gering is of nadat die duif met 'n elektroniese ring geskandeer is en net voordat die betrokke duif in die spesifieke wedvlugmandjie geplaas word, moet die mandjiebeampte of 'n ander genomineerde lid kontroleer en seker maak dat die duif van 'n rubberring of elektroniese ring wat behoorlik om die been pas voorsien is. Die lid moet ook seker maak dat die duif in die korrekte mandjie geplaas word. Duiwe mag onder geen omstandighede in 'n ander mandjie as die toegekende nommer geplaas word nie.
- 56.2 Geen duiwe mag om watter rede ookal uit 'n toegekende wedvlugmandjie gehaal of verwyder word, sonder die wedvlugsekretaris of sy genomineerde se goedkeuring en toesig nie.

56.3 Slegs SG "Read & Write" ringe mag gebruik word.

57. **WEDVLUGINSKRYWINGSVORMS:**

57.1 Alle lede moet van aanvaarbare inskrywingsvorms gebruik maak wat vir duplikaatinskrywings voorsiening maak.

57.2 Die inskrywingsvorm moet volledig en korrek ingevul word met vermelding van die naam van die klub, die lid se naam en wedvlugpunt. Die vorm moet na voltooiing deur die lid of sy gevolmagtigde geteken word.

57.3 Foutiewe of weggelate ringbesonderhede van duiwe sal sodanige duiwe vir die betrokke wedvlug diskwalifiseer.

57.4 Onmiddellik na inkorwing afgehandel is, moet al die oorspronklike wedvlug inskrywingsvorms van elke klub in 'n verseëld koevert aan die Unie se wedvlugsekretaris oorhandig word.

57.5 Duplikaat inskrywingsvorm en papierstrokie van die rubberringe wat uitgereik is vir die ring van 'n lid se duiwe en die duplikaat inskrywingsvorm word in 'n aparte koevert verseël en in veilige bewaring gehou, totdat die klok van die lid gelees word. Die wyse van veilige bewaring moet deur die Bestuurskomitee van die Unie goedgekeur word.

58. **VERSEËL VAN MANDJIES**

58.1 Voordat duiwe vir 'n wedvlug ingekorf word, moet die groot loslatingsdeur van die wedvlugmandjie op twee plekke verseël word met 'n genommerde seël. Nadat al die duiwe ingekorf is en voordat die mandjies vanaf die inkorwingsplek verwyder word moet die ingangdeur van die mandjie ook verseël word met 'n genommerde seël.

58.2 Toesig oor mandjies vanaf die oomblik wat die inkorwing begin totdat die mandjies in die voertuig wat die duive vervoer gelaai is, moet die mandjies voortdurend onder die toesig van ten minste vier mededingende lede bly.

59. **KONTROLERING VAN WENDUIF**

In alle wedvlugte moet die wenduif van elke klub so gou as moontlik deur 'n genomineerde mededingende lid gekontroleer word. Die ring besonderhede en die kleur van die duif aan hulle getoon, moet aan die klub terug gerapporteer word. Die wenduif moet ook nie minder as twintig meters vanaf die betrokke lid se hok losgelaat word nie, om vas te stel of dit na die hok terugkeer.

60. **NAGURE**

60.1 Indien geen duive op die dag van loslating terugkom nie, sal die nagure die tydperk wees vanaf 30 minute na sonder tot 15 minute voor sonop. Sonder sal bepaal word deur die **GPU**.

60.2 Rapportering – Elke lid moet vir alle wedvlugte, tensy andersins in die Wedvlugprogram gemeld of **GPU** sellulêre uitsending (sms), binne een uur na die werklike inklik tyd van sy eerste duif, die genomineerde lid van sy geaffilieerde liggaam (hierna die “genomineerde” genoem) van die benaderde tyd wanneer sy eerste duif ingeklok is, in kennis te stel.

61. **HOKMATES (AFSTANDE)**

61.1 Aansoek : Aansoeke vir afstande moet deur die lid se betrokke klub aan die Unie gerig word.

61.2 Nuwe hokke : Indien 'n lid se hok meer as 20 meter geskuif word moet hy opnuut vir die afstande aansoek doen.

61.3 Aanvaarde afstande: Slegs afstande wat deur 'n afgevaardigde persoon, gekies deur die **GPU**, sal met sy instrument die afstande bereken en dit sal die afstande wees wat aanvaar word. Die Unie moet

hul lede se afstande op dieselfde metode en verkieslik deur dieselfde persoon laat bereken.

62. **VERVOER REËLINGS**

- 62.1 Alle duiwe wat vir wedvlugte ingeskryf word sal op die eenaar se eie risiko vervoer word.
- 62.2 Tydens vervoer sal die Unie self reël dat kos en water aan die duiwe voorsien word.
- 62.3 Die Unie sal nie vir die vertraging, enige beserings of verlies van wedvlugduiwe of enige skade van hulle eenaars om watter rede ookal aanspreeklik gehou word nie.
- 62.4 Die Unie se vervoerbeampte moet enige mandjies wat ongeskik raak om die duiwe in te laat vervoer, laat vervang.

63. **ONTSNAPPING VAN WEDVLUGDUIWE**

- 63.1 Wanneer die vragmotorbestuurder tydens die vervoer van die duiwe of op die loslatingspunt vasstel dat die mandjies beskadig is of nie verseël is nie moet hy die Vervoerbeampte onmiddellik daarvan in kennis stel. Indien daar mandjies sodanig beskadig is en vermoed word dat van die duiwe uitgekom het moet hy die nommers van die mandjies aanteken en die oorblywende aantal duiwe in die bepaalde mandjies moet getel en die ringnommers van die duiwe aangeteken moet word. Die verslag moet aan die Unie se Vervoerbeampte by tuiskoms oorhandig word.
- 63.2 Behalwe in die geval van reël 10.3 sal die vervoerbestuurder indien hy na aanleiding van 'n verslag oortuig is dat duiwe vervoer na 'n loslatings punt by 'n bepaalde wedvlugmandjie(s) uitgekom het, aan die klub se bestuur verslag doen en al die duiwe wat in die betrokke

mandjie(s) vir die wedvlug geplaas was, vir die spesifieke wedvlug diskwalifiseer.

63.3 Indien daar by die loslatingspunt vasgestel word dat die duiwe by 'n mandjie uitgekom het en die oorblywende duiwe se registrasienommers in oorleg met die klub se bestuur en in teenwoordigheid van 'n persoon wat deur die organisasie se bestuur goedgekeur is op die loslatingspunt opgeskryf kan word en verseker word dat sodanige duiwe saam met die res van die duiwe losgelaat kan word, sal slegs die duiwe waarvan die registrasienommers aangeteken is uit die betrokke mandjie mededingend in die spesifieke wedvlug toegelaat word.

64. **LOSLATING VAN DUIWE**

64.1 Die vragmotor bestuurder sal skriftelik instruksies van die Vervoerbeampte en / of Voorsitter van die Unie ontvang.

64.2 Indien loslatingstye weens onvoorsiene omstandighede gewysig moet word, sal die Voorsitter dienooreenkomstig volgens sy eie diskresie die instruksies vir enige loslatingstye kan verander.

65. **ALGEMEEN**

65.1 Die aantal duiwe wat lede in wedvlugte mag inskryf sal deur die Unie Bestuurskomitee bepaal word.

65.2 Appèlle teen wedvluguitslae moet by die lid se klubsekretaris binne sewe (7) dae na datum van publikasie ingedien word.

65.3 Dit is verpligtend vir elke geaffilieerde organisasie om onderhewig aan hierdie wedvlugreëls aan wedvlugte deel te neem en nie volgens sy eie of die van ander organisasies nie. Besluite van die Unie se bestuur rakende enige aangeleentheid en na goedkeuring op die Algemene vergadering sal op alle geaffilieerde organisasies van toepassing en bindend wees.

66. **REËLS VIR VERSORGING EN LOSLATING VAN WEDVLUGDUIWE**

Die Unie is genoodsaak om standarde daar te stel vir die versorging van wedvlug duive vanaf inkorwing tot en met loslating. Die Unie moet sorg dat daar aan hierdie standarde voldoen word deur gereelde onverwagse inspeksie.

67. **VERSORGING**

67.1 Waterbakke en kos moet te alle tye beskikbaar wees op die voertuie tydens die vervoerproses om te verseker dat indien omstandighede so verander dat die duive kos en water nodig het, dat hulle wel dit kan kry.

67.2 By kortafstand wedvlugte waar die duive Vrydagaand in gekorf word is dit nie noodsaaklik dat die duive water kry nie, maar indien omstandighede so verander dat vroeë loslatings nie moontlik is nie moet die duive water gegee word maar slegs indien die vervoerbestuurder instruksie daarvoor gee.

67.3 By langafstand wedvlugte waar die duive Donderdagaand ingekorf word moet daar genoeg kos saam vervoer word, om te verseker dat hulle gevoed kan word indien daar 'n vertraging ontstaan maar slegs indien die vervoerbestuurder die instruksie daarvoor gee.

68. **LOSLATINGS**

68.1 Geen duive mag losgelaat word in mis of reën nie.

68.2 Geen duive mag losgelaat word as die sig nie baie goed is nie.

68.3 Geen duive mag losgelaat word voor 15 minute na sonop nie

68.4 Geen duive mag losgelaat word naby elektriese drade of ander obstruksie wat die duive by loslating kan beseer nie.

68.5 Geen duiwe mag op hoofweë en of ander paaie in verkeer losgelaat word nie.

69. **BESERINGS**

69.1 Alle duiwe wat by loslatings om een of ander rede nie kan vlieg nie moet deur die vragmotor bestuurder terug geneem word na die Vervoerbestuurder en die duif moet aan die eienaar terug besorg word.

70. **KLOK REËLS VIR MAGANISIE KLOKKE**

70.1 Slegs klokke wat deur SANPO goedgekeur word mag gebruik word. Slegs die volgende onderwerpe is toelaatbaar, maar die lys mag van tyd tot tyd deur die bestuur aangevul word :

Benzing Nr.2 La Le Doise Benzing Comatic	Benzing Nr 4 Junior No 2. 18 of 25 duif	Benzing Nr. 5 Junior No 4. Benzing Diploma	Benzing Quarts Toulet Super Time controlled computerized	Benzing diploma STB
---	---	---	--	------------------------

70.2 Slegs die volgende klokke mag sonder doppies gebruik word :

Benzing Nr 4. La Le Doise gewone drom	Benzing Nr. 5	Benzing Quarts Benzing paloma	Benzing Comatic Time controlled computerized	Junior model 4
---	---------------	--	---	----------------

70.3 Elke geaffilieerde liggaam sal 'n klokkomitee bestaande uit ten minste drie lede aanstel. Die name, adresse en telefoon nommers van die benoemde lede sal voor die aanvang van enige vliegseisoen skriftelik aan die Wedvlugsekretaris verstrekk word.

70.4 Enige lid wat aan wedvlugte wil deelneem moet sy klok, in behoorlike werkende toestand, veertien dae voor die aanvang van die eerste wedvlug van elke jaar aan die klokkomitee oorhandig.

- 70.5 Die klok moet nagesien, opgewen, verseël en aan die gang gesit word op dieselfde manier soos vir 'n wedvlug geslaan word.
- 70.6 Nadat klokke goedgekeur is mag geen klok uit die bewaring van die klokkomitee verwyder word, tensy dit met die amptelike seël van die geaffilieerde liggaam verseël is nie.
- 70.7 Indien 'n lid sy klok na die klokkomitee terug bring, wat nie behoorlik verseël is nie, sal sodanige lid gediskwalifiseer word.
- 70.8 Geaffilieerde liggame sal hul seëltange en seëls, ten einde misbruik daarvan te voorkom, te alle tye in veilige bewaring hou. Versuim om hierdie reël na te kom, stel die geaffilieerde liggaam bloot aan diskwalifikasie en of skorsing.
- 70.9 Slegs die klokkomitee mag 'n seël breek of 'n nuwe seël voorsien. Dit is egter die plig van die eienaar van die klok om te verseker dat die klok verseël is wanneer dit verwyder word en dat dit verseël bly totdat dit weer, vir welke rede ookal, aan die klokkomitee oorhandig moet word.
- 70.10 Alle klokke sal alleenlik deur die klokkomitee gestel word.
- 70.11 As 'n klok gestel word moet die klokrol deur twee lede van die klokkomitee onderteken word met vermelding van die wedvlugpunt, die lid se naam, en die nommer van die stel.
- 70.12 Klokke moet op die sein van die SAUK radio-tydsein in en uit geslaan word. Klokke mag ook op die half uur met die onafgebroke wêreld tydsein, in en uit geslaan word, indien dit deur die Unie goedgekeur is. Daar kan ook van die televisie tyd, 1026 tydsein, "mastertimers" en die GPS gebruik gemaak word. Hierdie tye sal in die kloktydboek aangeteken word. Dieselfde tydsein moet, waar moontlik by inslaan en uitslaan van die klokke gebruik word.
- 70.13 Tydens in en uitslaan moet een elektroniese klok van elke stelsel in gebruik saam met die handklokke op die tydsein geslaan word ten

einde die variasie tot die tydsein te bepaal. 'n Drukstuk word gemaak wat die variasie getal vir al die klokke van daardie stelsel sal gee. Hierdie variasie word tydens spoedberekening in ag geneem deur dit by die duif se kloktyd by te tel of af te trek.

- 70.14 Nadat die klokke ingeslaan is moet 'n kontroleslag binne 3 minute uitgevoer word. Die kontroleslag mag nie met meer as een sekonde van die tyd waarop die instruksie vir die uitvoering van die kontroleslag gegee was, verskil nie. Die tyd vir die kontrole slag, mag nie vooraf bepaal word nie, en moet van tyd tot tyd wissel. Dit moet bv. nie altyd presies op die minuut na een of twee gegee word nie. As die verskil een sekonde oorskry moet die klok weer gestel en ingeslaan word.
- 70.15 Na die kontrole slag moet die nommer van die gaatjie waarin die eerste rubberring gesit sal word in die klokboek aangeteken word. Indien die aangetekende gaatjie by oopmaak van die klok leeg is, moet die tyd wat op die klok rol met die betrokke kassie ooreenstem, gekanselleer word. Elke klokstrook moet die voorgeskrewe twee slae aantoon.
- 70.16 Dit is die verantwoordelikheid van die eienaar en of persoon in beheer van die klok om seker te maak dat die bepaling nagekom is, voordat die klok uit die besit van die klokkomitee verwyder word.
- 70.17 Enige lid van 'n klokkomitee en enige lid van die bestuurskomitee, of 'n genomineerde van gemelde komitees wag, gedurende die tydperk waartydens 'n klok vir die een of ander wedvlug verseël is, te enige tyd sodanige klok ondersoek, 'n tydslag uit te voer en indien 'n defek gevind word, dit reg te stel.
- 70.18 Op die uitklokdag, voordat die klokke oop gemaak word, moet alle lede se klokke in die teenwoordigheid van minstens vyf mededingende lede op die sesde sein van 'n SAUK sein of andersins soos gemeld in artikel 71.12 op die uur geslaan word. Alle klokke moet ook deur die genomineerde van die klokkomitee, voordat die seël van die klok gebreek word, geslaan word, en die nommer van die

oop gaatjie moet in die klokboek aangeteken word. Ter nakoming van die bepalings van hierdie artikel sal die "vol" op die Benzing en STB klokke beskou word as 'n oop gaatjie en sal as sodanig aangeteken word. Alle klokke wat nie uitgeslaan word nie, moet by die volgende inkorwingsaand geseël by die klokkomitee ingehandig word.

- 70.19 Slegs nadat die voormelde slae uitgevoer is, mag die klokkomitee die seëls breek en die klokke oopmaak. Klokke waarmee duiwe ingeklok is moet op elke dag waarop duiwe geklok is mee gehandel word soos in artikel 71.17, uiteengesit.
- 70.20 Geen toegewing mag gemaak word indien 'n klok meer as 2,5 sekondes per uur wen nie. Indien 'n klok meer as 2,5 sekondes per uur verloor, moet tweemaal die verlore tyd bygetel word wanneer die klokafwyking bereken word.
- 70.21 Die papierrol van 'n klok wat gaan staan het nadat geklok is, maar voordat die klok uitgeslaan is, of van enige klok wat oopgemaak is voordat dit uitgeslaan is in ooreenstemming met artikel 71.12 tot 71.14 mag nie aanvaar word nie. Die papierrol van 'n klok wat enige ponsmerke tussen die pons opening en/of pons sluitingsmerke het geskeur het en nadat 'n duif geklok is, mag die klok deur vyf lede van die klokkomitee oopgemaak word, die papierrol herstel word sodat die uitslaan tyd van die betrokke klok geneem kan word.
- 70.22 Enige papierrol wat gehawend is of as gevolg van 'n foutiewe afdruk (horlosie oormekaar gedruk) nie gelees kan word nie, of wat enigszins twyfel laat, moet aan die Uniebestuurskomitee oorhandig word vir hul inspeksie en hul beslissing sal finaal en bindend wees.
- 70.23 Die rubberring moet in die soort doppie wat deur die vervaardigers van die betrokke klok verskaf word geplaas word. Oop doppies mag nie gebruik word nie. Hierdie bepaling is nie van toepassing op klokke wat vervaardig is vir die gebruik sonder doppies nie en wat vooraf deur die Bestuurskomitee goedgekeur is nie.

- 70.24 Ingeval 'n lid se klok gedurende 'n wedvlug gaan staan of defektief raak voor die aankoms van sy eerste duif, moet hy die klok verseël aan 'n lid van die komitee oorhandig. Die komiteelid tesame met een ander lid sal die mag hê om die klok weer te stel en aan die gang te sit op 'n radio tydsein, in ooreenstemming met die bepalings van artikel 71.12 en 71.13 of sodanige lid mag by 'n mededinger inklok die naaste aan hom geleë.
- 70.25 Ingeval waar 'n klok gaan staan na die inklok van 'n duif, kan die eienaar die onoopgemaakte klok aan 'n lid van die komitee oorhandig, wie gemagtig sal wees om die klok oop te maak, die rubberringe te verwyder en in sy eie klok in te klok. Indien 'n lid van die klokkomitee dieselfde mag oorkom, kan hy / sy op dieselfde wyse optree en in enige lid se horlosie inklok asof daardie lid 'n lid van die komitee is. In elk van hierdie gevalle sal die tyd wat hier geregistreer word in die alternatiewe klok as die tyd van aankoms van die duif geld.
- 70.26 Waar 'n lid genoodsaak is om 'n ander lid se ring in te klok, moet die lid sy onoopgemaakte klok met die seël onbeskadig aan die medelid toon ten einde hom te oortuig dat hy genoodsaak is om in die medelid se klok in te klok. Die unie bestuur moet voorsien word van die redes vir sodanige handeling saam met die afsending van die klubuitslae aan die Unie Wedvlugsekretaris.
- 70.27 Klokke sal na die inklok tyd, volgens die oordeel tyd van affillieerde liggaam op die naas moontlike radio tydsein, GPS, "mastertimes" of televisietyd uitgeklok word.
- 70.28 Klokslae moet altyd tot die naaste halwe sekonde tot nadeel van die lid en deur ten minste twee lede van die klokkomitee gelees word.
- 70.29 Rubberringe moet behoorlik in die gaatjie of doppie daarvoor bedoel, geplaas word. As die klokkomiteelid die ring verwyder moet hy homself tevrede stel dat die ring geheel en al binne in die regte gaatjie en of doppie is.

- 70.30 Die reeks en kontrole nommer op die rubberringe moet met die van die papierstrokie en met dit wat op die inskrywingsvorm aangeteken is, vergelyk word. Die gaatjie nommer van die drom waaruit die rubberring gehaal is moet met 'n penop die rubberring en die papierstrokie aangeteken word. Indien die nommer op die binnekant van die rubberring met die nommer op die binnekant van die papierstrokie vergelyk word moet dit so aangeteken word.
- 70.31 Alle rubberringe met hul oorstemmende papierstrokies, klokrolle en wedvluguitslae van die duiwe wat in die uitslae verskyn, moet per aangetekende pos, gepos word of per hand afgelewer word by die Wedvlugsekretaris, nie later as die voormiddag van die eerste werksdag wat volg op die dag waarna die wedvlug gesluit is. Sou die Bestuurskomitee dit verlang, moet sommige van of al die voormelde dokumente ter tafel gelê word. Hierdie dokumente moet in veilige bewaring deur die Wedvlugsekretaris tot die 31ste Desember van elke seisoen gehou word, waarna dit vernietig mag word.
- 70.32 Mededingers mag twee of meer rubberringe in 'n doppie of kassie plaas. By die oopmaak van die klok sal alle ringe wat deur die klappies van die klokdrom vasgeknyp word, gesleep word, en of uit gespring het, nie aanvaar word nie. In die geval waar die ring sleep en in 'n ander gaatjie van die drom val, sal daardie gaatjie se tyd geneem word as die kloktyd van die spesifieke duif.
- 70.33 Die registrasiepaneel van die elektroniese klokstelsel moet binne die ingangspunt in die hok geplaas word sodat die duif onder beheer is wanneer hy geklok (geregistreer) word. Traps moet volgens die vervaardiger se spesifieke geïnstalleer word. Die paneel moet vasgeheg word sodat dit nie rondgeskuif kan word nie. Die punt waar die duif registreer moet minstens 100 mm binne in die hok wees. Los panele binne in 'n invlieg gang is dus nie aanvaarbaar nie.
- 70.34 Enige elektroniese klokstelsel kan te enige tyd deur 'n lid van die klub nagegaan word. By die uitgooi van die wenduif moet die duif weer deur die registrasie paneel binnegaan sodat sy ringnommer gekontroleer kan

word. Hierdie inskrywing drukstuk word dan aan die mandjie toewysingsvorm vasgeheg.

70.35 Die reëls met betrekking tot die regulering van klokke in die **GPU** is onderhewig aan die reëls en regulasies soos behoorlik uiteengesit in Bylaag E in die konstitusie van SANPO en is *mutatis mutandis* ook hier van toepassing.

71. **VERBODE MIDDELS, DWELMS, MEDIKASIE EN STIMULANTE**

Alle reëls en regulasies met betrekking tot verbode middels, dwelms, medikasie en stimulant moet gevolg word soos uiteengesit in die konstitusie van SANPO en is *mutatis mutandis* hier van toepassing.

72. **ALGEMEEN**

72.1 Geen geaffilieerde liggaam sal toegelaat word om 'n wedvlug sonder die voorafgaande toestemming van die Uniebestuurskomitee te organiseer nie.

72.2 'n Lid word nie toegelaat om in wedvlugte in meer as een hok mee te ding nie, tensy sodanige hokke nie meer as twintig (20) meters van mekaar geleë is nie.

72.3 Die grootste getal duive wat deur 'n lid per wedvlug ingeskryf mag word sal van tyd tot tyd deur die geaffilieerde vasgestel word.

72.4 Elke lid moet vir alle wedvlugte, tensy andersins in die wedvlugprogram gemeld, binne een uur na die werklike inkloktyd van sy eerste duif, die genomineerde lid van sy geaffilieerde liggaam (hierna die "genomineerde" genoem) van die benaderde tyd wanneer sy eerste duif ingeklok is, in kennis stel.

72.5 Die genomineerde moet op die voorgeskrewe vorm ook die tye waarop die duive geklok is en die tye waarop die lede in klok tyd aan hom gerapporteer het, aanteken. Hierdie vorm moet as korrek deur die genomineerde gesertifiseer word en deur hom aan die klok komitee oorhandig word.

72.6 Wedvlug uitslae sal aan elke mededingende lid, so gou as moontlik na die wedvlug, beskikbaar gestel word.

72.7 Die Derbyvlug vir jaaroud duiwe sal oor 'n afstand van ongeveer 650 km, plaasvind.

DIE GPU BEVESTIG HIERDMEE DAT BY ONDERTEKENING VAN HIERDIE GRONDWET SAL DIE VORIGE GRONDWET IN TOTAAL VERVANG WORD DEUR HIERDIE GRONDWET EN VERKLAAR DIE GPU DAT DIE PERSOON WAT HIERDIE GRONDWET ONDERTEKEN BY MAGTE IS OM SODANIGE GRONDWET TE ONDERTEKEN EN IS VANAF DATUM VAN ONDERTEKENING HIERVAN VAN KRAAG.

HANDTEKENING : _____

NAAM : _____

AMP : _____

DATUM : _____